

Vrydag 15 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 14:13-19 | Fokusgedeelte: Numeri 14:19

Gebed om vergifnis

Die trekgeskiedenis van die volk word gekenmerk deur hulle voortdurende klaery en opstandigheid. Hulle het hulle nie net verset teen die leiers Moses en Aäron nie, maar ook teen God self. Uiteindelik lyk dit asof die Here se geduld op is met die volk, en sê Hy vir Moses dat Hy die volk met 'n pes gaan tref en hulle sal uitroei (vs 12).

Vir Moses was dit verskriklike woorde. Hy word in Numeri 12:3 getipeer as 'n "uiters sagmoedige man, meer as enigiemand anders op aarde." As leier van die volk voel hy ook verantwoordelik vir hulle. Daarom tree hy as tussenpersoon tussen die volk en God op. God laat Moses toe om met Hom te onderhandel oor die toekoms van die volk. Moses beroep hom op God se lankmoedigheid, liefde en regverdigheid. Hy pleit: "Vergewe dan tog die sonde van hierdie volk in u groot liefde."

Moses is hier as tussenganger tipe van Christus ons Middelaar. Die woord "tipe" beteken afdruksel of afgietsel van iets. Moses vertoon hier as tipe van Christus iets van Christus se Middelaarskap. Sonde het afstand en verwydering tussen God en mens gebring. Uit sy groot liefde vir die sondaarmens stuur God sy Seun om as ware Middelaar tussen ons en God te kom staan.

God wat regverdig is, spreek nie sonder meer vry nie, daarom voltrek Hy die oordeel en straf oor die sonde aan sy Seun. Hy sterf in ons plek aan die kruis en ons sondes word vergewe. So het Christus as ware Middelaar die kloof wat die sonde gebring het, oorbrug en God en mens versoen.

Dit is op grond van Christus se Middelaarswerk dat Moses kan bid: "Vergewe tog ..." En ook ons kan elke dag bid: "Vergewe tog ..." en kan vir seker weet dat ons sondes om Christus wil vergewe is.

Sing: Psalm 32-1:1

Ds. AL Pelser (Abri) (Bethlehem)